kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Iets rondom Lewensmoed…"

Skriflesing: Haggai 1:15b-2:9 (1953)

15 Dit was op die vier-en-twintigste dag van die sesde maand,
in die tweede jaar van koning Daríus.

1 OP die een-en-twintigste dag van die sewende maand het
die woord van die HERE deur die diens van die profeet
Haggai gekom en gesê:
2 Spreek tog met Serubbábel, die seun van Seáltiël, die
goewerneur van Juda, en met Josua, die seun van Jósadak,
die hoëpriester, en met die oorblyfsel van die volk en sê:
3 Wie is onder julle nog oor wat hierdie huis in sy vroeëre
heerlikheid gesien het? En hoedanig sien julle dit nou? Lyk
dit nie net soos niks in julle oë nie?
4 Nou dan, skep moed, Serubbábel, spreek die HERE, en
skep moed, Josua, hoëpriester, seun van Jósadak, en skep
moed, julle almal, volk van die land, spreek die HERE, en
werk! Want Ek is met julle, spreek die HERE van die
leërskare,
5 met betrekking tot die verbond wat Ek met julle gesluit het
by julle uittog uit Egipteland, en my Gees sal in julle midde
bestendig bly; wees nie bevrees nie!
6 Want so sê die HERE van die leërskare: 'n Rukkie nog, 'n
kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en
die droë grond laat bewe.
7 Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al
die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid
vervul, sê die HERE van die leërskare.
8 Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die
HERE van die leërskare.
9 Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter
wees as die vroeëre, sê die HERE van die leërskare; en op
hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die HERE van die
leërskare.

Broodjies vir die Pad

Die bose het nie altyd horings nie

Schalk Engelbrecht, Sake-etiek

[…]
Maar hierin lê twee belangrike oorwegings vir sakelui: die aard van boosheid en die verwikkeldheid van morele beslissings.

Ons dink graag dat boosheid veroorsaak word deur booswigte – gewetenlose psigopate, fanatici, monsters. Maar "boosheid" is meestal eerder 'n oordeel wat ons agterna vel oor die beslissing van normale mense. Dit is wat Hannah Arendt bedoel wanneer sy verwys na die "banaliteit van boosheid".

Eichmann, die argitek van die Finale Oplossing van die Joodse volksmoord, was nie die monster wat almal gehoop het hulle sou ontdek nie. Hy was teleurstellend "gewoon" – 'n man wat ywerig en ambisieus sy werk gedoen het, en wat die taalgebruik en aannames van die instelling waarin hy hom bevind het, onnadenkend aanvaar het.

En sake is deurspek met sulke voorbeelde. Natuurlik is dit nie 'n kwytskelding nie. Al sou die verkeerde dinge wat ons doen in en deur maatskappye "normaal" voorkom, ontneem dit ons nie van morele agentskap of aanspreeklikheid nie.

Wat betref die verwikkeldheid van morele beslissings: Ons dink graag aan goed en kwaad as teenoorgesteldes wat maklik onderskeibaar is. Die goeie skyn en sing; die bose skuil en grynslag. Maar sake is toe nie so eenvoudig nie. Morele dilemmas word meestal nie hanteer deur óf die goeie óf die bose te kies nie.

Volgens die etikus John Caputo vind morele dilemmas en morele beslissings plaas iewers tussen goed en kwaad. In die oomblik van morele beslissing kan ons nie weet of ons goed of kwaad doen nie. Dit is terloops ook die dilemma van die fluitjieblaser.

Fastow aanvaar aanspreeklikheid, ondubbelsinnig. Hy het die maatskaplike funksie van rekeningkunde vergeet (om die publiek 'n akkurate weergawe van 'n organisasie te gee) en die publiek opsetlik mislei. In die oomblik van beslissing het hy geweet dit is verkeerd.

Terselfdertyd beweer hy dat elkeen van sy omstrede transaksies goedgekeur is deur prokureurs, rekeningkundiges, bestuur en direkteure. Dit is nie bloot goedgekeur nie, maar hy is vereer daarvoor, en ander het by sy besluite gebaat.

Daarmee saam het hy gedink sy werk behels die gunstige "gebruik" van rekeningkundige reëls om Enron te bevoordeel. Hoewel sy handelinge misleidend was, het hy geglo hy was besig om die sakespel te speel, en dit goed te speel.

Een van die definisies van etiek is "die vorm wat ons vryheid aanneem wanneer dit ingelig word deur nadenke". In sake vind heelwat boosheid plaas nié omdat bose mense bose besluite neem nie, maar omdat organisasies een van die vele sentrums van morele gesag is in 'n era sonder absolute morele ankers.

Wanneer ons deel raak van 'n onderneming, leer ons taalgewoontes, denkgewoontes en morele gewoontes aan. As ons nie nadink hieroor nie, as ons nie moreel daarmee in gesprek tree nie, loop ons die gevaar dat ons banale wyse instrumente van boosheid word.

Die grootste etiese risiko in sake, en in 'n ekonomie, is daarom nie die dade van opportunistiese skelms nie. Die grootste risiko is onkritiese beleidsnavolging, of onnadenkende normaliteit.

- Dr. Schalk Engelbrecht is 'n senior bestuurder in KPMG se forensiese eenheid en verantwoordelik vir KPMG Suid-

Afrika se sake-etiek-dienslyn. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.

http://www.beeld.com/sake/2013-11-03-sake-etiek-die-bose-het-nie-altyd-horings-nie

◆◆◆

'n Mening oor Genadedood

De mythe van een zelfgekozen dood als toppunt van humaniteit, is het falen van onze samenleving, stelt CU-Kamerlid Carla Dik.

Afgelopen week deed de rechter uitspraak in de zaak- Albert Heringa. Hij stond voor de rechter voor de hulp die hij zijn 99-jarige stiefmoeder gaf bij haar zelfdoding. Het OM zag voldoende aanleiding om deze zaak voor de rechter te brengen. Als politica wil ik me niet mengen in de uitspraak van de rechter, maar dát deze zaak onder de rechter komt, is zeer terecht.

Heilig geschenk
Over de dood is het niet makkelijk praten. Voor velen is er onzekerheid over wat eraan voorafgaat. Angst om hulpbehoevend te worden en regie te verliezen. Ik wil niet voorbijgaan aan de hartverscheurende worsteling die hiermee gepaard gaat. Er gaan stemmen op om mensen op een zelfgekozen moment zonder inmenging van een arts het moment van sterven te laten bepalen. De dood die op afroep besteld kan worden.

Deze gedachte gaat voorbij aan het feit dat het leven een heilig geschenk is en daarom beschermwaardig. Daarom omringen we mensen met naastenliefde, met de zorg van artsen en geestelijk verzorgers. Daarom zoeken we naar steeds betere vormen van pijnbestrijding en ben ik een warm voorstander van de zorg in hospices. En daarom hebben we al heel lang geleden in de wet vastgelegd dat de beëindiging van andermans leven in beginsel strafwaardig is. Omdat het een daad is die tegen het leven zelf ingaat.

De mythe van een zelfgekozen dood als toppunt van humaniteit is het falen van onze samenleving. "Ik wil niet tot last van mijn kinderen zijn", is een gevleugelde uitspraak geworden. Ouderen kunnen het gevoel hebben overbodig te zijn, of - erger nog - tot last te zijn. En onze samenleving lijkt steeds meer te accepteren dat een zelfgekozen dood een oplossing daarvoor is. Hulp om zelfdoding is niet zelden ook een schreeuw van eenzaamheid en wanhoop. Laat de dood nooit onze oplossing worden voor eenzaamheid en ouderdom, voor ziekte en lijden.

http://m.trouw.nl/tr/m/nl/4328/Opinie/article/detail/3535698/2013/10/30/Hulp-bij-zelfdoding-mag-nooit-normaal-worden.dhtml

Brood vir die Pad

Kan dit wag vir môre - of móét dit al vandag?

Dirkie Smit

Geleerdes praat van instant gratification, oombliklike bevrediging. Hulle bedoel dat ons nie kan wag nie. Of liewer, nie wíl wag nie. En nie gáán nie. Soos aktiviste en demagoë graag verkondig, ons eis dit en dat, en ons eis dit nóú.

Dié week publiseer navorsers van die New York Universiteit nuwe bevindinge oor die klimaat en oor die vraag waarom ons – regerings, firmas, die openbare mening – so traag is om dringende stappe te steun wat op lange duur die ekologie sal dien en waarby komende geslagte sal baat vind. Hul ondersoek berus op spel-teorie, deesdae dié benadering in eksperimentele etiek. Die antwoord is eenvoudig, sê hulle. Ons soek instant gratification. As ons iets kan belê, selfs moet opoffer, maar verseker is dat ons self die direkte vrugte sal pluk – en sommer gou ook – dan werk ons saam. Maar ons is veel minder bereid as ons moet wag op beloning. En totáál onwillig – soos in honderd persent – as ander ná ons die voordele gaan ontvang.

In vele geloofstradisies is wag van sentrale belang. In vele wysgerige en psigologiese tradisies, wat nié (bewus) op geestelike waardes (wil) berus nie, óók. Sedert Walter Mischel by Stanford se eksperimente 50 jaar gelede – die kleintjie alleen met die malvalekker wat twéé sal kry as sy kan wag – weet gedragskenners dat dié vermoë by kindertjies 'n akkurate voorspeller is van suksesvolle optrede later as volwassenes. Kliniese psigoloë beskryf selfbeheersing as dié deug agter alle ander, dié vermoë wat tot vele vorme van aanpasbaarheid lei.

Maar ook geloofstradisies leer dit – wag, geduld, lankmoedigheid, lydsaamheid, uithou, vertroue, hóóp. Selfs God word só uitgebeeld – as geduldig, nie haastig nie, met duisend jaar soos één dag. En gebed het álles met dié lewenshouding te doen – aanroep, pleit, oorgawe, wág, vertrou, hóóp. Bid en waak hoort byéén, bid en wag, bid en vertrou. Die Ons Vader is van begin tot einde só. Ook dié week word die 450-jarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus by verskeie teologiese fakulteite in die land herdenk. Dié geskrif adem van begin tot einde 'n gees van getroos wag en vertrou. Dit eindig juis met 'n uiteensetting van die Ons Vader. Sodat die heel laaste vraag vra wat "amen" beteken, en die antwoord getuig van geduldige vertroue dat wat ook al belowe is, waar en seker sal wees.

Maar nou ja, 450 jaar is lank. In die laaste woorde van hul kommentaar op die ekologie-verslag haal die uitsaainetwerk CNN die sosioloog Daniel Bell aan. "Die beste manier om die Protestantse etiek te beskryf wat die wêreld soos ons dit ken sou voortbring," sê hy, die vrye mark, industriële rewolusie, groei en vooruitgang, "lê in twee woorde – uitgestelde beloning, delayed gratification." Dis omdat mense kon bid en werk, opoffer en wág, dat ons almal vandag in dié ontwikkelinge deel. "Maar deesdae," só sê CNN, "is daar min Calviniste oor, en ons tydsgees word veel beter beskryf deur een van dié woorde te vervang, na instant gratification."

http://www.dieburger.com/opinie/2013-11-02-geestelike-waardes-kan-dit-wag-vir-mre-of-mt-dit-al-vandag

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877